

# **Sakkie Parsons E-Pos Bediening**

**Webtuiste. <http://www.sakkieparsons.co.za>**

**E-pos: [bediening@sakkieparsons.co.za](mailto:bediening@sakkieparsons.co.za)**

**Sel: 083 457 6669**

## **Nog iets oor DIE OU APOSTEL GELOOF.**

Ek het 'n skrywe uitgestuur, waar ek my siening oor die ou/nuwe apostel kultusse verduidelik het. Die skrywe se naam is "Vinkel en koljander die een is vir my so erg soos die ander."

Ek deel hier met jou my antwoord aan een van die mense wat op daardie skrywe gereageer het. Ek gee die persoon die fiktiewe naam van Soon.

Soon, jy skryf en sê:

"Hierdie brief het my geskok want ek is gewoon dat jy eers seker maak van die bronne van dit waaroor jy skryf.

Ek is 'n lid van die sogenaamde NAK - en was geskok om te lees oor al die wanopvattinge wat daar in jou brief was oor my kerk."

Soon, my skoonma was 'n ou apostel en 'n kennis van my vir baie jare was ook 'n ou apostel. Op die manier het ek baie met hierdie twee kultusse te doen gekry en was dit ook een van die redes dat ek oor hulle navorsing gedoen het. Tensy hulle, die ou en die nuwe apostels in die afgelope 17 jaar, dit is hoe lank my skoonma oorlede is, 'n groot gedaantewisseling ondergaan het, wat na my wete nie gebeur het nie, sien ek hulle nog soos ek hulle toe gesien het.

Soon verder skryf jy ook:

"Ons praat ook nie met die dooies nie, het dit nog nooit gedoen en sal ook nooit dit doen nie."

Omdat ek nie dink dat jy opsetlik 'n leuen sal verkondig nie, kan ek maar net aanneem dat jy nog nie lank by hierdie kultus betrokke is nie. Ek kry byvoorbeeld op julle website die volgende inligting:

Service for the Departed in Mabopane

"On Sunday, 2 November 2008, District Apostle Kitching, accompanied by Apostle Joubert, visited the District of Mapopane to conduct the Service for the Departed. This was the first time that the District Apostle conducted a Departed Service in this region. Mabopane District is situated about 40 km north of Pretoria ..."

Die volgende een is glo vroeg in Maart êrens:

Daar was ook die keer toe ek en my vrou op uitnodiging saam met my skoonmana haar 'kerk' gegaan het. Ons was maar min mense in die 'kerk' toe die volgende daar van vooraf aan ons verseker was:

“Moet nie dink omdat die banke vir julle leeg lyk dit so is nie, ek gee julle die versekering dit is nie so nie.”

Jy skryf ook:

“Ons glo ook nie soos jy beweer dat die wederkoms klaar gebeur het nie, ...”

Die laaste inligting wat ek oor hierdie saak het, is die volgende:

Hoof apostel Bischoff sê in Desember 1951, dat Jesus in 'n openbaring vir hom gesê het, dat die wederkoms sal plaasvind voordat hy, dit is nou hoof apostel Bischoff se dood en dit word toe ook verhef tot die NAK se leerstelling, of dan deel van hulle leerstelling.

Die apostels ens wat hierdie leerstelling nie wou aanvaar nie, moes loop of was afgedank.

'n Klomp het toe geloop en hulle eie kerk gestig.

Sommer so vir die interessantheid daarvan. Ek wonder hoe oud is die oudste lewende mens op die oomblik.

Toe hoof apostel Bischoff hierdie stelling in 1951 kwyt geraak het, was hy 80 jaar oud.

Een van die redes waarom Bischoff se storie deel van hulle leerstelling geword het, is omdat die ou en nuwe apostels na my wete, meer waarde heg aan die lewende apostel se woord, as dit wat in die Bybel staan. Hulle sê die Bybel is die dooie letter van die Woord.

Ten slotte -

Die rede waarom ek na die ou en nuwe apostels as kultusse verwys, is onder andere, hulle beheptheid met die afgestorwenes en dan natuurlik hulle derde sakrament, ons Here het ons twee gegee. Ek praat hier van hulle 'verseëling'.

In hierdie wat ek terwille van hierdie skrywe ook 'n diens sal noem.

In hierdie onbybelse verseëlingdiens, nêrens in die Woord lees jy van so iets nie, ontvang lidmate deur handoplegging van die apostel onder andere: wedergeboorte, die Heilige Gees en vergifnis van sonde.

Dit gee van waar ek staan en kyk, vir die apostel goddelike status.

As jy meer wil naslaan en ook sommer kyk of ek nie dalk nonsens praat nie, gee ek hier 'n paar bronne:

Die Dwaling van die Apostelsekte: FW Werner: Evangelie Uitgewers

Die Ou Apostelsekte is op die Dwaalweg: AJ van Staden: HAUM:1977

Kerk of Sekte? Die leerstellings van die "Nuwe Apostoliese Kerk" getoets aan die Bybel: AJ van Staden: HAUM:1975

So Dwaal die Nuwe Apostoliese Kerk: IW van der Vywer; Bybelkor:1982

The New Apostolic Church Truth or Error?: Bruce R Duncan: Maranatha Press:1978

**Judas 1:24-25** *Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlijkheid te stel met gejuig,  
25. aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.*

Groete  
Sakkie

*Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die "subject box" na [sparsons@absamail.co.za](mailto:sparsons@absamail.co.za)*

***Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.***

*Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.*